

Wes-Kaap Landsdiens 2015



Liefde vir Arbeid • Liefde vir Natuur • Liefde vir Medemens • Liefde vir God

Studente Landsdiens

Uitreike

UITREIKE IS 'N GROOT DEEL VAN DIE STUDENTE BEWEGING. HULLE PROBEER SO VEEL MOONTLIK 'N VERSKIL AAN DIE GEMEENSAP RONDON HULLE TE MAAK.



Vir 'n tweede jaar het Landsdiens se studente vrywilliglik die speletjies van Huis Horison se Winter Fees behartig. Die studente bied speletjies vir die kinders aan wat kaartjies koop en dan daaraan deelneem. Dit is deel van fondse wat op hierdie dag ingesamel word.

Hierdie jaar is gesigverf aangebied, toesig gehou by die springkasteel en studente het binnenshuise speletjies vir die jongspan aangebied. Studente Landsdiens was weer betrokke by Huis Horison se Somer Fees, waar Kersvader ook kom gesig wys het. Die kinders geniet dit speletjies terwyl mamma en pappa die res van die fees ondersteun.





Die Wes-Kaap studente Landsdiens-groep was by die Sean Kelly- huis in Worcester op 23 Augustus 2015 vir hul jaarlikse uitreik na die tehuis. Die Sean Kelly-huis in Worcester is 'n dagsorgsentrum vir 24 meervoudig gestremde kinders.

Die groep het gaan handjie bysit by die sentrum en die personeel gehelp met van die kinders asook met die gespeel wat self kan rondbeweeg. Verder het Landsdiens ook nie-bederfbare produkte en ander produkte aan die huis geskenk om hul te help met hul dag-tot-dag take. Marshall, wat ons teen die tyd al ken, was baie bly om sy ou vriende weer te sien. Vir van die spanlede wat gereeld deel vorm van die uitreik, was dit lekker om te sien hoe groot van die kinders oor die laaste jaar geword het en ook dat dit beter gaan met van die kinders. Ons is met dankbare harte daar weg en kan nie wag vir ons volgende besoek aan die sentrum nie.



Kaapstad het in die begin van die jaar een van die grootste natuurrampe ondervind in jare. Toe Tafelberg en omliggende gedeeltes aan die brand was het die studente 120 bottels water en ander benodighede ingesamel in 'n paar uur en selfs benodighede vir die diere wat onder die ramp deurgeloopt het.

Die Haven nagskuiling is 'n projek baie na aan die studente se hart. Hulle samel twee keer per jaar klere in vir hierdie nagskuiling wat geleë is by Bellville stasie. Die studente wil almal bedank vir hulle bydraes wat verleen is aan die projek.



Aktiwiteite

Die studente bied 'n geruime lot aktiwiteite aan gedurende die jaar. Die studente bied aktiwiteite aan op kampe en help met die reëlings van kampe. Hulle gaan op spanbou kampe om mekaar beter te leer ken. Die studente is 'n wonderlike groep jongmense met 'n passie vir Lansdiens.



Dans - Great Gatsby

DIE TYD HET AANGESTAP EN DIE STUDENTE SE JAARLIKSE FONDSINSAMELING HET NADER GESTAP. DIE DANS SE TEMA WAS "THE GREAT GATSBY" EN HULLE MOES DAARVOLGENS DIE SAAL OPMAAK. DIT HET VELE DECOR DAE EN HARDE WERK GEVERG OM DIE DECOR VIR DIE DANS AAN MEKAAR TE SIT. TOT 'N PAAR MINUTE VOOR DIE DANS WAS DAAR NOG FINALE VERSIERINGS WAT AANGEBRING WAS.

TOE DIE GASTE BY DIE DEUR INSTAP KON HULLE NIE HUL OË GLO NIE. DIE BRUIN BAKSTEEN GEBOUTJIE WAS OMSKEP IN 'N NAGKLUB UIT DIE GATSBY ERA. DAAR WAS 'N FILMSTRIP TEEN DIE MUUR MET OU FLIEKS EN VOOR IN DIE SAAL HET DAAR OU FLIEK TEEN 'N WIT LAKEN GEFLIKKER. JY WAS GEGROET MET 'N VRUGTEPONS BY DIE VOORDEUR EN DAAR WAS 'N "PHOTOBOOTH" WAAR DIE GASTE KON POSEER VIR FOTO'S.

DIE GASTEKON NIE GLO DAT DIT STUDENTE WAS WAT DIE AANGELEENTHEID MOONTLIK GEMAAK HET NIE. DIE KAARTJIES WAS UITVERKOOP EN LOODJIES WAS OOK ALLES UITVERKOOP. DIE GROOTPRYS WAS 'N VLUK OM KAAPSTAD DEUR REINHARDT ELDSTAD.



Laerskool Mikro

Leerders van Laerskool Mikro het 2015 se Landsdiens behoorlik afgeskop met 'n herwinningsprojek van ou blikke. Die leerders het die blikke gedecopage en plantjies daarin geplant as 'n geskenk aan 'n geliefde. Hulle het vreeslik kreatief geraak en idees uitgeruil. Die plantjies is aan die skool geborg deur Shadowlands Kwekery.



'n Groot groep Landsdienslede het hul Vrydagmiddag by Zevenwacht wine Estate spandeer. Daar het hulle die stoep van die plaasskool gevef en die speelterrein skoon gemaak en opgekikker. Die leerders het dit leersaam en nederig



September-maand is gedenk aan kinders met kanker. Mikro-leerders het geskenke gebring en kreatiewe kaartjies gemaak vir kankerpatiënte. Ons het informatiewe en inspirerende videos gekyk om meer te leer. Die leerders het stories gedeel, simpatie getoon en weer opnuut gesondheid waardeur. Die geskenke is Paarl toe gestuur om daar te versprei.